# GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION
# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PREPARATORY EXAMINATION
## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2009

10812

**COMPUTER APPLICATION TECHNOLOGY**
**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE**

## Second Paper/Tweede Vraestel

12 pages /bladsye

CAT / RTT P2
CATN (Theory)

108 1 2 12
X05

COPYRIGHT RESERVED/KOPIEREG VOORBEHOU

8

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE**
**(Tweede Vraestel: Teorie)**

**TYD: 3 uur**
**PUNTE: 150**

**INSTRUKSIES:**

- Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
- Beantwoord AL die vrae.
- Lees AL die vrae sorgvuldig deur.
- Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
- Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1
### MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Kies die korrekte antwoord uit die moontlike opsies wat gegee word. Skryf die vraagnommer neer en dan die letter van die korrekte antwoord, byvoorbeeld 1. 11 C.

1.1 Watter EEN van die volgende word NIE as 'n webblaaier (browser) beskou nie?

A. Mozilla
B. Microsoft Internet Explorer
C. Netscape
D. Symantec

1.2 Sagteware wat ontwerp is om die ongemagtigde elektroniese toegang tot 'n rekenaarnetwerk te voorkom.

A. Spyware
B. Firewall
C. 'Encrypting'
D. Anti-virus

1.3 Watter EEN van die volgende toestelle pas (hoort) logies NIE by die invoer van data nie?

A. Webcam
B. Digitale Kamera
C. Drukker
D. Aftaster (Scanner)

## GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION
## PREPARATORY EXAMINATION

**COMPUTER APPLICATIONS TECHNOLOGY**
**(Second Paper: Theory)**

**TIME: 3 hours**
**MARKS: 150**

---

**INSTRUCTIONS:**

- This question paper consists of TWO sections, namely SECTION A and SECTION B.
- Answer ALL the questions.
- Read ALL the questions carefully.
- Number the answers correctly, according to the numbering system used in this question paper.
- Write neatly and legibly.

---

## SECTION A

### QUESTION 1
### MULTIPLE-CHOICE QUESTIONS

From the possible options that are provided choose the correct answer. Write down the question number and the correct letter only, for example 1. 11 C

1.1 Which ONE of the following is NOT considered as a web browser?

A. Mozilla
B. Microsoft Internet Explorer
C. Netscape
D. Symantec

1.2 Software designed to prevent unauthorized electronic access to a networked computer system.

A. Spyware
B. Firewall
C. Encrypting
D. Anti-virus

1.3 Which ONE of the following devices does NOT logically belong with regards to the input of data?

A. Webcam
B. Digital Camera
C. Printer
D. Scanner

1.4 Watter EEN van die volgende komponente is NIE deel van 'n moederbord nie?

A. 'Chipset'
B. Hardeskryf
C. SVE-'socket'
D. USB-poort

1.5 Jou rekenaarstelsel het gehang en toe jy 'reboot', het Windows in 'Safe'-mode begin loop. Watter EEN van die volgende stellings is WAAR van 'Safe'-mode?

A. 'Safe'-mode sal netwerkdrywers herroep.
B. 'Safe'-mode sal jou rekenaar stadiger maak as wanneer jy in Normale mode dit herroep.
C. 'Safe'-mode sal gebruik maak van die gevorderde videodrywers.
D. Al die bogenoemdes.

1.6 Wanneer data in die toevoermedium ingevoer word en dit behels 'n valideringsprogram of 'n kriteria is geplaas, word dit na verwys as:

A. Toetsing vir datageldigheid
B. Toetsing vir korrektheid van data
C. A en B
D. Toetsing om te kyk of die program werk of nie

1.7 Palm Ridge Sekondêre Skool koop 'n skoolbestuursprogram van ABC System Solutions. Die skool installeer die sagteware, maar ervaar 'n paar klein probleempies met die sagteware. Die ontwikkelaars van die nuwe program voorsien 'n program, naamlik ... om die oorspronklike probleme wat voorgekom het tydens die gebruik van die nuwe program te stop.

A. utility
B. patch
C. shareware
D. fixit

1.8 Watter EEN van die volgende stellings is WAAR ten opsigte van 'Hot spots'?

A. Sekere 'hot spots' bied 'n WISP-konneksie teen 'n fooi.
B. Die opstel van 'n draadlose Internet-konneksie vir draagbare rekenaartoestelle
C. Sommige 'hot spots' bied 'n gratis konneksie aan.
D. Al die bogenoemdes.

1.4 Which of the following components is NOT part of a computer motherboard?

A. Chipset
B. Hard Disk Drive
C. CPU socket
D. USB headers

1.5 Your computer system crashed and Windows started in 'Safe' mode. Which ONE of the following statements is TRUE regarding 'Safe' mode?

A. 'Safe' mode will load network drivers.
B. 'Safe' mode will make your computer slower than when you boot up in 'Normal' mode
C. 'Safe' mode will use the advance video drivers
D. All of the above

1.6 When data has been placed on the input medium and involves a validation program or criteria placed it is referred to as:

A. Testing for Data validity
B. Testing for correctness of Data
C. A and B
D. Testing whether the program is working or not.

1.7 Palm Ridge Secondary purchased a school management programme from ABC System Solutions. The school installed the software and encountered a few glitches with the software. The developers of the new program supplied a program called a ... to cure the initial problems which occurred during the initial use of the new program.

A. utility
B. patch
C. shareware
D. fixit

1.8 Which ONE of the following statements is TRUE regarding Hot spots?

A. Some hot spots offer WISP connections for a fee.
B. A wireless network setup for Internet connections for portable computer devices
C. Some hot spots offer free connections
D. All of the above

1.9 Watter EEN van die volgende stellings is WAAR ten opsigte van 'n ADSL-konneksie?

A. Meer bandwydte word vir stroom-op as vir stroom-af toegelaat.
B. 'n Modem word gebruik vir die omskakeling van analoogseine na digitale seine.
C. Jy kan op die Internet wees en dan 'n normale telefoonoproep maak.
D. 'Dial-up'-konneksie is vinniger as ADSL.

1.10 Watter EEN van die volgende stellings is NIE 'n eienskap van 'n slimfoon (smart phone) NIE?

A. Koordlose konneksies
B. Gesinkroniseerde PIM-data vir jou PR (Persoonlike Rekenaar)
C. Programmeerbaar
D. Nie een van die bogenoemdes nie **[10]**

1.9 Which ONE of the following statements is TRUE regarding an ADSL connection?

A. More bandwidth is allowed upstream than downstream
B. A modem is used to convert analogue signals to digital signals
C. You are able to surf the Internet and make normal phone calls simultaneously.
D. Dial-up connection is faster than ADSL

1.10 Which ONE of the following statements is NOT a feature of a smartphone?

A. Wireless connectivity
B. Synchronize PIM data with your PC
C. Programmability
D. None of the above **[10]**

## VRAAG 2

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B om by die beskrywings in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – N) langs die vraagnommer (2.1 – 2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 P.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Om 'n e-pos boodskap te stuur sonder om die ontvanger se adres te wys | A. | Macro |
| 2.2 | Digitale selfoontegnologie wat dataversending verbeter | B. | Digitale Handtekening |
| 2.3 | 'n Reeks stappe wat deur dialoogbokse gevolg word om spesifieke take te verrig | C. | Aftaster |
| 2.4 | 'n Program wat randapparatuur beheer | D. | GIGU |
| 2.5 | Besighede wat slegs besigheid doen oor die wêreldwye web, staan bekend as ... besighede | E. | Protokol |
| 2.6 | 'n Toestel wat as 'n toevoer- en afvoer-toestel optree | F. | Path |
| 2.7 | Verkeerde toevoer van data sal die verkeerde afvoer van data gee. | G. | EDGE |
| 2.8 | Die aanwysing van 'n lêer | H. | Cc |
| 2.9 | Vasgestelde standaarde vir die oordrag van data tussen verskillende toestelle | I. | Encrypt |
| 2.10 | Kodering van 'n boodskap sodat dit net deur die ontvanger gelees kan word | J. | Dotcom |
| | | K. | Aanraakskerm |
| | | L. | Bcc |
| | | M. | Drywer |
| | | N. | Wizard |

**[10]**

**AFDELING A: [20]**

## QUESTION 2

Choose a term/concept from COLUMN B that matches a description in COLUMN A. Write only the letter (A – N) next to the question number (2.1 – 2.10) in the ANSWER BOOK, for example 2.11 P.

| COLUMN A | | COLUMN B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Send an email message without revealing the recipient's address | A. | Macro |
| 2.2 | Digital cellular phone technology that allows improved data transmission | B. | Digital Signature |
| 2.3 | A series of steps through dialogue boxes to perform specific tasks | C. | Scanner |
| 2.4 | A program that controls a peripheral device | D. | GIGO |
| 2.5 | Companies conducting business primarily over the world-wide web are known as ... companies | E. | Protocol |
| 2.6 | A device that acts as an input and output device | F. | Path |
| 2.7 | Inaccurate input data will result in inaccurate output data | G. | EDGE |
| 2.8 | A location of a file | H. | Cc |
| 2.9 | Agreed set of standards for the transfer of data between different devices | I. | Encrypt |
| 2.10 | Encoding a message so that it can only be read by the intended recipient | J. | Dotcom |
| | | K. | Touch Screen |
| | | L. | Bcc |
| | | M. | Driver |
| | | N. | Wizard |

**[10]**

**SECTION A: [20]**

## AFDELING B

Met Suid-Afrika as die gasheerland vir die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi, het jou skool besluit om die tema te gebruik om 'n provinsiale sokkertoernooi en 'n kermis oor 'n naweek te hou. Verskeie skole in Gauteng sal genooi word om deel te neem aan die toernooi. Verskillende ander items sal ook gehou word om fondse in te samel asook om 'n bewusmaking van die Wêreldbeker-sokkertoernooi 2010 in jou gemeenskap te laat plaasvind. Die skool het besluit om gebruik te maak van die Graad 11 en 12 RTT-leerders vir die projek. Die leerders se taak is om die projek elektronies te beheer deur raad te gee oor watter rekenaarstelsels benodig sal word, sagteware-benodighede, elektroniese administrasie, netwerke, asook enige ander rekenaarverwante sake.

### VRAAG 3

3.1 Gedurende die naweek van die toernooi word daar van jou vereis om rekenaars in 'n netwerk te koppel by die verskillende areas. Daar is vier areas waar die rekenaars opgestel moet word, op die sokkerveld, by die hoofinligtingstent, by die kermistent en by die tent wat die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi bemark.

3.1.1 Verduidelik die term *rekenaarnetwerk*. (3)

3.1.2 Jou hoof het jou gevra om 'n lys saam te stel van watter toestelle **nodig** is om 'n netwerk op te stel. Noem DRIE apparate/komponente wat nodig is om 'n netwerk op te stel, buiten die rekenaarstelsel. (3)

3.1.3 Noem TWEE moontlike nadele daaraan verbonde om rekenaartegnologie vir administratiewe aktiwiteite op die dag van die toernooi te gebruik. (2)

3.1.4 Met die oog op die scenario, noem TWEE voordele vir die opstel van die rekenaars in 'n netwerkomgewing. (2)

3.1.5 Die hoof wil graag weet watter stoortoestelle om te gebruik vir rugsteun van die data: CD-R, DVD RW of 'n flash disk.

(a) Toon die kapasiteit van 'n CD-R en 'n DVD RW aan. (2)

(b) Noem EEN verskil tussen 'n 'flash disk' en 'n CD-R. (1)

3.1.6 Klassifiseer die tipe netwerk wat gebruik word in die bogenoemde scenario volgens geografiese area. (1)

## SECTION B

With South Africa being the host country for the 2010 Soccer World Cup, your school decided to use this theme to host a provincial soccer tournament and a Fête over a weekend. Various Gauteng schools will be invited to participate in the tournament. Different events will also be planned during this week-end so that funds can be raised and an awareness campaign to promote the Soccer World Cup 2010 in your community can take place. The school has decided to use the Grades 11 and 12 CAT learners to assist with this project. The learners' tasks will be to manage the entire project electronically by advising on computer systems needed, software requirements, electronic administration, networking and all other computer related issues.

### QUESTION 3

3.1 On the weekend of the event you are required to link computers in a network at the different sites. There are four areas where the computers are going to be set up, on the soccer field, at the main information tent, at the fête tent and at the Soccer World Cup 2010 tent.

3.1.1 Explain the term *computer networks*. (3)

3.1.2 Your principal has requested a list of the devices **required** to set up a network. List THREE devices/components needed to set up a network besides the computer system. (3)

3.1.3 State TWO potential drawbacks of using computer technology over the manual method to run the administrative activities on the days of the event. (2)

3.1.4 Bearing in mind the scenario, list TWO advantages of linking the computers in a network environment. (2)

3.1.5 The principal wants to know which storage devices to use to backup the data: CD-R, DVD RW or flash disk.

(a) Indicate the capacity of a CD-R and the DVD RW. (2)

(b) State ONE difference between a flash disk and a CD-R. (1)

3.1.6 Classify the type of network used in the above-mentioned scenario according to geographical area. (1)

3.2 Die hoof het ingestem om 'n skootrekenaar te koop. Hy moet 'n ingeligte besluit neem wat op jou aanbeveling gebaseer is.

NOTEBOOK

Intel® Core 2 Duo T7500 processor @ 2.2 GHz
2048MB RAM (2 x 1024MB)
250GB HDD with disk anti-shock protection
DVD super-multi drive
ATI X2400 256MB Dedicated VGA & integrated 3G
15.4" WXGA display with GridVista
Fingerprint reader
5-in-1 card reader, S-Video & 8 cell Li-ion battery
802.11 b/g/draftN wireless with SignalUP & Bluetooth
Integrated 0.3MP CrystalEye webcam
MS Windows Vista
MS Office Vista
3 Year collect, repair & return warranty

**R 12,999.95**

3.2.1 Die toernooikomitee gaan die toernooi by verskeie skole in Gauteng bemark. Die komiteelede moet aan die hoof 'n motivering gee waarom hulle 'n skootrekenaar en 'n dataprojektor nodig het. Gee TWEE redes waarom hulle 'n skootrekenaar nodig het en EEN rede waarom hulle 'n dataprojektor nodig het. (3)

3.2.2 Die hoof raak 'n bietjie deurmekaar met die programme MS Windows Vista en MS Office Vista. Onderskei tussen 'n Bedryfstelsel-program en 'n Toepassingsagteware-program en wys ook duidelik volgens die advertensie watter EEN 'n bedryfstelsel-program en watter EEN is toepassingsagteware-program is. (4)

3.2.3 Wat is die kapasiteit van die interne geheue in die skootrekenaar? (1)

3.2.4 Een van die kenmerke van 'n skootrekenaar is 'n geïntegreerde 3G. Verduidelik wat 3G-tegnologie is, gebruik 'n voorbeeld om jou verduideliking toe te lig. (3)

3.2.5 Die advertensie noem die begrip *Bluetooth*. Verduidelik die begrip *Bluetooth*. In jou definisie moet jy ook 'n aanduiding gee van die maksimum afstand tussen die konneksies van 'n 'Bluetooth'-toestel. (3)

3.3 Een van die spesifikasies van die skootrekenaar is 'n *webcam*. Wat is 'n *webcam*? (2)

3.4 Verduidelik die waarborg wat in die advertensie voorkom. (2)

3.5 Wat is die funksie van die vingerafdrukleser? (1)
**[33]**

3.2 The Principal has agreed to purchase a laptop. He needs to make an informed decision based on your motivation.

NOTEBOOK

Intel® Core 2 Duo T7500 processor @ 2.2 GHz
2048MB RAM (2 x 1024MB)
250GB HDD with disk anti-shock protection
DVD super-multi drive
ATI X2400 256MB Dedicated VGA & integrated 3G
15.4" WXGA display with GridVista
Fingerprint reader
5-in-1 card reader, S-Video & 8 cell Li-ion battery
802.11 b/g/draftN wireless with SignalUP & Bluetooth
Integrated 0.3MP CrystalEye webcam
MS Windows Vista
MS Office Vista
3 Year collect, repair & return warranty

**R 12,999.95**

3.2.1 The events committee is going to promote the event at various schools in Gauteng. The committee members need to motivate to the principal why they require a laptop and a data projector. Give TWO reasons why they need a laptop and ONE reason why they need a data projector. (3)

3.2.2 The principal is confused between MS Windows Vista and MS Office Vista. Differentiate between an Operating System program and Application Software program and clearly indicate which ONE in the advertisement is an operating system and which ONE is application software. (4)

3.2.3 What is the capacity of the internal memory on the laptop? (1)

3.2.4 One of the features of the laptop is an integrated 3G. Explain what 3G technology is, using an example to enhance your explanation. (3)

3.2.5 The advert lists the concept of Bluetooth. Explain clearly the concept of Bluetooth. In your definition also indicate the approximate maximum range between connections of a Bluetooth device. (3)

3.3 One of the specifications of the laptop is a webcam. What is a webcam? (2)

3.4 Explain the warranty in the advert. (2)

3.5 What is the function of the fingerprint reader? (1)
**[33]**

## VRAAG 4

4.1 Die hoof vereis dat die komitee 'n werkswinkel aanbied oor die gesondheidsrisiko's wat daar kan wees, aangesien die rekenaargebruikers lang ure voor die rekenaar gaan deurbring.

4.1.1 Noem TWEE aspekte van ergonomika wat die komitee in gedagte moet hou wanneer hulle rekenaarstoerusting gaan aankoop. (2)

4.1.2 Noem TWEE maniere waarop *Repetitive Strain Injuries* voorkom kan word. (2)

4.2 Die hoof het ook die komitee versoek om die gebeure van die naweek op die Internet bekend te maak. Om kostes te bespaar het die hoof ingestem om Internet-konneksie vir die skootrekenaar te kry.

4.2.1 Die komitee het besluit om 'n datakaart vir Internet-konneksie te gebruik. Verduidelik die konsep van 'n *datakaart.* (2)

4.2.2 'n *Blog* moet geskep word om die gebeure te adverteer. Verduidelik die konsep van 'n *Blog* en gee EEN manier waarop hierdie *Blog* gebruik kan word om die gebeure te adverteer. (3)

4.2.3 Die hoof wil hê dat die komitee Internetbankdienste moet gebruik.

(a) Noem EEN nadeel van Internetbankdienste.
(b) Noem EEN voordeel van Internetbankdienste. (2)

4.3 Kommunikasie met ander skole sal e-pos gedoen word.

4.3.1 Noem TWEE voordele van e-pos kommunikasie. (2)

4.3.2 Noem TWEE verskillende vorms van *spyware.* (2)

4.3.3 Verduidelik hoe *anti-spyware*-sagteware werk. (2)

4.3.4 Heelwat leerders en onderwysers bring data en programme om op die rekenaarstelsel af te laai. Die gevaar van die aflaai van sulke programme en die gebruik van die Internet kan tot die infeksie van rekenaars met *malware* lei.

(a) Verduidelik deeglik wat met *malware* bedoel word, en noem 'n voorbeeld in jou verduideliking. (3)
(b) Hoe gaan jy seker maak dat die anti-virus-program alle lêers skandeer na gelang jy hulle gebruik? (1)

**[21]**

## QUESTION 4

4.1 The principal requested that the committee present a workshop regarding health-related issues since many of the computer users will be spending long hours on the computer system.

4.1.1 List TWO aspects of ergonomics which the committee must take into account when purchasing computer equipment. (2)

4.1.2 State TWO ways on how Repetitive Strain Injuries can be prevented. (2)

4.2 The principal has tasked the committee to advocate the events of the weekend on the Internet. To save costs the principal has agreed to provide Internet connectivity for the laptop.

4.2.1 The committee decided to use a data card for internet connectivity. Explain the concept of a data card. (2)

4.2.2 A blog needs to be created to promote the event. Explain the concept of a blog and list ONE way in which this blog can be used to promote the event. (3)

4.2.3 The principal wants the committee to do Internet banking.

(a) List ONE disadvantage of Internet banking.
(b) List ONE advantage of Internet banking (2)

4.3 Communications with the other schools will take place via e-mail.

4.3.1 List TWO advantages of communicating via e-mail. (2)

4.3.2 List TWO different forms of spyware. (2)

4.3.3 Explain how anti-spyware software works. (2)

4.3.4 Many learners and teachers are bringing data and programs and downloading them on the computer systems. The danger of downloading and Internet usage could lead to computers being infected with malware.

(a) Clearly explain what is meant by malware, listing an example in your explanation. (3)
(b) How will you ensure that files are scanned by the antivirus program as you use them? (1)

**[21]**

## VRAAG 5

5.1 Die komitee het besluit om 'n woordverwerkingsprogram vir die ontwerp van plakkate en 'n toernooiprogram vir die naweek te gebruik.

5.1.1 Die program van die naweek is in 'n tabel geplaas. Die tabel is te breed en het by albei kantlyne oorgeloop. Noem TWEE maniere om dié probleem op te los. (2)

5.1.2 Noem TWEE funksies van voetnotas en eindnotas. (2)

5.1.3 Die redakteur van die koerant het 'n woord gevind wat verkeerd gebruik word en wil graag die woord in die dokument vervang. Die woord kom meer as 25 keer in die dokument voor. Stel funksies voor wat die redakteur in MS Word kan gebruik om dié probleem vinnig reg te maak. (1)

5.1.4 Die komitee het besluit om 'n verskeidenheid prente in die dokument te plaas. Noem EEN manier waarop die teks om die prente gevou (wrap) kan word. (1)

5 1.5 Die Graad 11 RTT-leerders wil graag 'n koerantagtige dokument in MS Word skep.



Noem TWEE funksies in MS Word wat gebruik kan word om dit mee te doen. (1)

5 1.6 Die Graad 12 RTT-leerders stel voor dat die nuusbrief in pdf-formaat geskep moet word. Noem TWEE voordele om die dokument in pdf te skep. (2)

5 1.7 Die komitee wil graag die plakkaat as 'n webbladsy stoor. Wat sal die lêer-uitbreiding vir dié webbladsy wees? (1)

5.2 Die komitee het besluit om die gebeure van die naweek met 'n *DVD camcorder* op te neem.

5.2.1 Noem TWEE kenmerke waaraan 'n *DVD camcorder* moet voldoen as 'n persoon een sou wou aanskaf. (2)

5.2.2 Die komitee wil graag fondse insamel deur die gebeure wat opgeneem is op 'n stoormedium te laat inbrand sodat dit verkoop kan word.

(a) Wat word met die inbrand op 'n stoormedium bedoel? (2)

(b) Watter stoormedium sal die geskikste vir die bogenoemde scenario wees? (1)

(c) Word die reproduksie van die gebeure op die stoormedium as programmatuurroof beskou? Motiveer jou antwoord. (3)

## QUESTION 5

5.1 The committee has decided to use a word processing document to design posters and an events programme for the weekend.

5.1.1 The programme for the weekend was inserted in a table. The table was too wide and it overflowed at both sides of the margin. State TWO ways to solve this problem. (2)

5.1.2 List TWO functions of footnotes and endnotes. (2)

5.1.3 The editor of the newspaper found that there was an incorrect word used and wanted to replace the word in the document. This word occurs more than 25 times in the document. Propose the functions that the editor can use in MS Word to correct this problem speedily. (1)

5.1.4 The committee decided to insert a number of pictures in the document. State ONE way on how text can be wrapped around a picture. (1)

5 1.5 The Grade 11 CAT learners want to create a newspaper-like document in MS Word.



State the TWO functions in MS Word to achieve this. (1)

5 1.6 The Grade 12 CAT learners suggested that the newsletter be created in pdf format. List TWO advantages of creating a document in pdf. (2)

5 1.7 The committee wants to save the poster as a web page. What will be the file extension of this web page? (1)

5.2 The committee decided to record the events of the weekend using a DVD camcorder.

5.2.1 List TWO features one would consider when purchasing a DVD camcorder. (2)

5.2.2 The committee wants to raise funds by burning the events recorded on a storage medium for resale purposes.

(a) What is meant by burning to a storage medium? (2)
(b) Which storage medium will best suit the scenario above? (1)
(c) Is the reproduction of the events on the storage medium regarded as software piracy? Substantiate your answer. (3)

5.3 Die komiteelede was bekommerd oor die opstel van die netwerk in openbare plekke waar baie mense toegang tot die netwerk kan kry. Gee TWEE voorstelle om die netwerk veiliger te maak. (2)

5.4 Die komitee het paar Graad 11 RTT-leerders gekies om foto's met hulle selfone te neem.

5.4.1 Noem TWEE maniere om dié foto's vanaf hulle selfone na die rekenaar-stelsel af te laai. (2)

5.4.2 Die hoof het voorgestel dat die komitee navorsing oor die gebruik van 'n *Palm Top* moet doen. Noem TWEE voordele van 'n *Palm Top* bo 'n skootrekenaar. (2)

**[24]**

## VRAAG 6

6.1 Daar word van die komitee vereis om 'n elektroniese databasis te skep van al die eienaars van stalletjies wat gedurende die toernooi teenwoordig gaan wees. 'n Heffing van R100 per stalletjies moet deur elke eienaar van 'n stalletjie betaal word.

6.1.1 Ontwerp 'n databasisstruktuur om rekord van al die stalletjie-eienaars te hou. Noem DRIE velde wat vir die komiteelede **relevant** is om rekord van die betaling en kontakbesonderhede van die stalletjie-eienaars te kan hou. (3)

6.1.2 Die sokkerspanne moet met behulp van 'n primêre sleutel geïdentifiseer word. Verduidelik kortliks waarvoor 'n primêre sleutel gebruik sal word in die konteks van die scenario. (2)

6.1.3 Die Graad 11 RTT-leerders gaan gebruik word om die data in die databasis in te voer. Noem TWEE maniere waarop die geldigheid van die data wat ingevoer word, verbeter kan word. (2)

6.2 Die hoof is bekommerd oor die baie elektrisiteit wat deur die rekenaarnetwerk gebruik gaan word. Beskryf TWEE maniere om energie in die rekenaaromgewing te bespaar. (2)

6.3 Die skool wil graag spesifieke kledingstukke en Wêreldbeker-memorabilia oor die Internet verkoop.

6.3.1 Met die scenario in gedagte, noem TWEE voordele om besigheid oor die Internet te doen. (2)

6.3.2 Beskryf TWEE potensiële risiko's vir die kliënt wanneer daar goedere oor die Internet gekoop word. (2)

6.4 Die hoof het aan die Graad 12 RTT-leerders gevra om 'n voorlegging aan die komiteelede te doen oor die betroubaarheid van inligting wat vanaf die Internet verkry word. Noem DRIE maniere om te bewys dat die inligting wat vanaf die Internet verkry is, wel betroubaar en korrek is. (3)

6.5 Noem TWEE maniere waarop jou skool die digitale verdeeldheid (digital divide) tussen julle en 'n buurskool wat nie 'ICT'-fasiliteite en -vaardighede het nie, kan oorbrug. (2)

**[18]**

5.3 The committee members were concerned that the computer network was based in public places and that many users will access the network. Suggest TWO ways to make the network more secure. (2)

5.4 The committee selected a few Grade 11 CAT learners to take photographs using their cell phones.

5.4.1 List TWO ways to download these photographs from their cell phones onto the computer system. (2)

5.4.2 The principal has requested the committee to investigate the usage of a Palm Top. List TWO advantages of a Palm top over a laptop. (2)
**[24]**

## QUESTION 6

6.1 The committee is required to create an electronic database of all stall-holders who are going to be present. A stall levy of R100 must be paid by all stall-holders.

6.1.1 Design a database structure for the record keeping of the stall-holders. List THREE **relevant** fields necessary for the committee members to keep track of payment and contact information. (3)

6.1.2 The soccer teams need to be identified by a primary key. Briefly describe what a primary key will be used for in the context of the scenario. (2)

6.1.3 The Grade 11 CAT learners will be used to capture data on the database. List TWO ways on how validity of data entered can be improved. (2)

6.2 The principal is concerned with the computer network using high electrical energy. Describe TWO ways to conserve energy in the computer environment. (2)

6.3 The school wants to sell specific items of clothing and world cup memorabilia via the Internet.

6.3.1 List TWO advantages of doing business over the internet, keeping the scenario in mind. (2)

6.3.2 Describe TWO potential risks for the client buying goods over the Internet. (2)

6.4 The principal has requested that the Grade 12 learners make a presentation to the committee members about the reliability of the information obtained over the Internet. List THREE ways on how to validate that the information obtained over the Internet is correct and reliable. (3)

6.5 List TWO ways on how your school can bridge the digital divide to a neighbouring school which has no ICT facilities and skills. (2)
**[18]**

## VRAAG 7

7.1 Twee Graad 12-leerders word aangewys om met tegniese probleme te help. Jy word versoek om hulle met oplossings vir spesifieke probleme te help. Gee kortliks 'n oplossing vir die probleem vir elke ondergenoemde scenario.

7.1.1 Die sleutelbord hou aan om 'n 'beep' geluid te maak wanneer die rekenaar aangeskakel word. (1)

7.1.2 Die drukker was besig om te druk en het ewe skieklik opgehou druk met 'n rooi liggie wat op die drukker flikker. (1)

7.1.3 My hardeskyf is besig om vol te raak en ek moet nog ander lêers stoor. (1)

7.1.4 Terwyl daar na 'n DVD geskryf word, is daar 'n onderbreking in die vloei van data en die proses word gestop. (1)

7.1.5 Die lêer is 'lees alleen'. (1)

7.1.6 Die rekenaar se verwerking is stadiger as normaal. (1)

7.2 Om jou woordverwerker-dokumente aantrekliker te maak, word daar van jou vereis om van style gebruik te maak.

7.2.1 Verduidelik wat 'n *style* in 'n woordverwerker-dokument is. (2)

7.2.2 Gee TWEE voordele van die gebruik van *style*. (2)

7.3 Daar word van jou verwag om uitnodigingsbriewe aan alle skole te stuur. Jy het reeds 'n bestaande databasis met 'n lys van al die skole wat uitgenooi moet word, geskep.

7.3.1 Watter tipe woordverwerkingstegniek sal gebruik word om al die uitnodigingsbriewe so vinnig en akkuraat as moontlik te stuur? (1)

7.3.2 Wat sal jy as jou datalêer gebruik? (1)

7.4 Die Graad 12-leerders word deur die komitee versoek om 'n vorm in MS Word te ontwerp waarop al die inligting van die spanlede ingevoer kan word. Noem DRIE aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer só 'n vorm ontwerp word. Onthou dat die vorm met die hand ingevul gaan word. (3)

7.5 Die komiteelede is besig om hulle opsies oor die verkryging van 'proprietary'-sagteware en 'public domain'-sagteware teen mekaar op te weeg. Verduidelik die verskil tussen *proprietary*-sagteware en *public domain*-sagteware. (4)
**[19]**

## QUESTION 7

7.1 Two Grade 12 learners are assigned to help with technical problems. You are required to assist them with solutions to specific problems. Briefly state a solution to the problem for each scenario listed below.

7.1.1 The keyboard gives a constant beeping noise when booting. (1)

7.1.2 The printer was printing and suddenly stops printing with a red flashing light on the printer. (1)

7.1.3 My hard disk is getting full and I need to save some files. (1)

7.1.4 When writing the DVD there is an interruption in the flow of data and the process is halted. (1)

7.1.5 The file is read-only. (1)

7.1.6 The computer is running more slowly than normal. (1)

7.2 To make your word processing document attractive you are required to use styles.

7.2.1 Explain what a style is in a word processing document. (2)

7.2.2 Give TWO advantages of using styles. (2)

7.3 You are required to send out invitation letters to all invited schools. You already have a database created with a list of all invited schools.

7.3.1 Which word processor technique will be used to send out these invitation letters as speedily and efficiently as possible? (1)

7.3.2 What will be your data source? (1)

7.4 The committee requested the Grade 12 learners to design a form in *MS Word* to capture the information concerning the team information. List THREE aspects that must be considered when designing the form. Bear in mind that the form will be filled in by hand. (3)

7.5 The committee members are weighing their options between acquiring proprietary software or public domain software. Explain the difference between proprietary software and public domain software. (4)

**[19]**

## VRAAG 8

8.1 Die hoof is bekommerd dat heelwat leerders wat *MXit* as 'n klets (chat)-medium gebruik.

8.1.1 Verduidelik kortliks TWEE gevare van *MXit* vir leerders. (2)

8.1.2 Noem EEN manier hoe *MXit* deur leerders gebruik kan word om leer te bevorder. (1)

8.2 Die hoof van die skool wil graag 'n interaktiewe lewendige konferensie met ander skole hou sonder om hulle fisies uit te nooi. Noem EEN opsie wat vir hom beskikbaar is en verduidelik kortliks wat dié opsie behels. (3)

8.3 Die Graad 12-leerders wil 'n 'log'-blad vir die sokkertoernooi ontwerp.

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Skool | Resultate | Punte | |
| 2 | Roshnee Secondary | V | 0 | |
| 3 | Aha Thuto Sec | W | 3 | |
| 4 | IKUSASA Sec | G | 1 | |
| 5 | East Bank | W | 3 | |
| 6 | H/S Drie Riviere | V | 0 | |

8.3.1 Noem die funksie wat die beste sal wees om die punte in die bogenoemde sigblad te bereken. (1)

8.3.2 Verduidelik die **probleem** en gee 'n **oplossing** vir die volgende:

(a) #DIV0!

(b) #######

(c) =if(D3='D',1,0) 3x2 (6)

8.4 Een van die lede het gebruik gemaak van absolute selverwysing om die statistieke van die toernooi te bereken. Verduidelik dié konsep kortliks deur gebruik te maak van 'n gepaste voorbeeld. (2)

**[15]**

**AFDELING B: [130]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

## QUESTION 8

8.1 The principal is concerned that many learners are using *MXit* as a chat application.

8.1.1 Briefly describe TWO dangers of *MXit* for learners. (2)

8.1.2 List ONE way *MXit* can be used by learners to enhance learning. (1)

8.2 The principal of the school wants to have an interactive live conference with the other schools without physically inviting them. List ONE option available to him and briefly describe this option. (3)

8.3 The Grade 12 learners want to create a log sheet for the soccer tournament.

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 1 | School | Result | Points | |
| 2 | Roshnee Secondary | L | 0 | |
| 3 | Aha Thuto Sec | W | 3 | |
| 4 | IKUSASA Sec | D | 1 | |
| 5 | East Bank | W | 3 | |
| 6 | H/S Drie Riviere | L | 0 | |
| 7 | | | | |

8.3.1 List the function that can best be used to calculate the points in the above stated scenario. (1)

8.3.2 Explain the **problem** and give a **solution** to the following:

(a) #DIV0!

(b) #######

(c) =if(D3='D',1,0) 3x2 (6)

8.4 One of the members uses absolute cell referencing to calculate the statistics for the tournament. Briefly explain this concept using an appropriate example. (2)

**[15]**

**SECTION B: [130]**

**TOTAL: 150**

**END**